SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/**
**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

**NOVEMBER 2020**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die afdeling in 'n werker se kontrak wat die posisie aandui waarin die werker aangestel is:

A Posbeskrywing
B Postitel
C Werksplek
D Begindatum

1.1.2 Die werknemer se inligting wat in 'n werker se kontrak vereis word:

(i) Naam en ID-nommer
(ii) Etenstye
(iii) Jaarlikse verlof
(iv) Datum van indiensneming

A (i), (iii) en (iv)
B (i), (ii) en (iii)
C (ii), (iii) en (iv)
D (i), (ii) en (iv)

1.1.3 'n Tipe verlof waarop 'n permanente plaaswerker geregtig is:

A Bonusverlof
B Gesinsverantwoordeliksheidsverlof
C Rusverlof
D Begrafnisverlof

1.1.4 'n Verlies aan grondgehalte en produktiwiteit:

A Erosie
B Besoedeling
C Degradering
D Bewaring

1.1.5 'n Tipe boer wat die meeste van die plaasprodukte vir die huishouding gebruik:

A Kontantgewasboer
B Bestaansboer
C Kommersiële boer
D Besproeiingsboer

1.1.6 'n Hulpbron in die primêre sektor van die boerderybesigheid wat beide fisiese en verstandelike insette benodig om produkte en dienste te lewer:

A Fisiese hulpbron
B Natuurlike hulpbron
C Finansiële hulpbron
D Menslike hulpbron

1.1.7 'n Aansporing wat aan werkers gegee word om hulle vlak van prestasie te verbeter:

A Uitbuiting
B Dissiplinêre optrede
C Goeie lewensomstandighede
D Regstellende maatreëls

1.1.8 Die tipe agritoerisme waar mense plase besoek met die oog op trofee-jag:

A Wildsplaasverblyf en -ritte
B Produkroetes
C Kultuurtoeriste
D Avontuurtoeriste

1.1.9 'n Persoon wat kommoditeite omskep deur waardetoevoegings-metodes te gebruik:

A Kleinhandelaar
B Prosesseerder
C Groothandelaar
D Produsent

1.1.10 Die bemarkingsorganisasie wat deur die regering gestig is om internasionale handelsinligting te verskaf:

A Outspan en Unifruco
B Produkuitvoerbeheerraad
C Suid-Afrikaanse Buitelandse Handelsorganisasie
D Capespan Groep Bpk. (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Inventaris | A produseer 'n unieke produk |
| 1.2.2 Produkkleur | B verbied die invoer of uitvoer van sekere landbouprodukte |
| 1.2.3 Rekordhouding | C stel die gewenste ry-wydte, korrekte spasiëring in rye, die korrekte hoeveelheid bemesting en plant teen die korrekte diepte |
| 1.2.4 Reguitlyn | D dehidrering van diere- en gewasprodukte om hulle raklewe te verleng en verrotting te verminder |
| 1.2.5 Planters | E 'n aanduiding van die gewas se gereedheid om geoes te word |
| 1.2.6 Droging | F uitbreek van lewendehawesiekte in die gebied |
| 1.2.7 Vrye bemarking | G verskaf 'n volledige lys van bates wat aan die boerdery behoort |
| 1.2.8 Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996) | H bemarking van die plaasproduk word nie beheer of beperk nie |
| 1.2.9 Besigheidsoorlewing-strategie | I besluitnemingstap |
| 1.2.10 Besigheidsbedreiging | J metode om depresiasie te bereken |
| | K help die boer met toekomstige beplanning en begrotings |
| | L voorkom oorbeweiding |

(10 x 2) (20)

1.3 Gee die KORREKTE landbouterm vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.

1.3.1 'n Finansiële dokument wat alle moontlike inkomste en uitgawes van 'n boerderyonderneming vir 'n jaar aandui

1.3.2 Die proses wat gebruik word om produkte vir verskillende markte te selekteer

1.3.3 Die Arbeidswet wat prosedures met betrekking tot die beëindiging van diens hanteer

1.3.4 'n Oormatige hoeveelheid produkte of goedere wat op die mark beskikbaar is

1.3.5 Besigheidsuitgawes wat binne 'n kort tydperk nagekom moet word (5 x 1) (5)

1.4 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die ONDERSTREEPTE woord(e) om die stellings KORREK te maak. Skryf die antwoorde langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.

1.4.1 <u>Monokultuur</u> verseker beter gebruik van grond, arbeid en kapitaal.

1.4.2 <u>Krediet</u> kan slegs geskep word indien die nodige fondse beskikbaar is.

1.4.3 <u>Buigsaamheid</u> van die mark moet ten opsigte van vraag en aanbod gehandhaaf word.

1.4.4 <u>Vlaktes</u> is 'n eienskap van natuurlike weidings wat uit berge, plato's en hellings bestaan.

1.4.5 <u>Vrye bemarking</u> is wanneer boere hulle produkte aan groot kettingwinkels of voedselverskaffers voorsien, gebaseer op 'n skriftelike ooreenkoms. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

2.1 Beskryf hoe sterk winde gewasproduksie negatief kan beïnvloed. (3)

2.2 Plaasarbeiders het die reg om in 'n veilige omgewing te werk.

2.2.1 Noem die Wet wat 'n veilige werksplek voorskryf. (1)

2.2.2 Noem VIER beskermingsmaatreëls wat werkers in ag moet neem wanneer daar met gevaarlike stowwe gewerk word. (4)

2.3 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit deur die tipe kapitaal wat vir elke item benodig word met 'n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie aan te dui.

| BOERDERY-ITEM | LANGTERMYN-KAPITAAL (VASTE KAPITAAL) | MEDIUMTERMYN-KAPITAAL (BEWEEGLIKE KAPITAAL) | KORTTERMYN-KAPITAAL (BEDRYFS-KAPITAAL) |
|---|---|---|---|
| Bv. Bemesting | | | ✓ |
| Lewende hawe | | | |
| Implemente | | | |
| Heinings | | | |
| Lone | | | |

(4)

2.4 Identifiseer ELK van die tipes plaasarbeiders wat hieronder beskryf word:

2.4.1 Arbeiders wat tydens 'n spesifieke tyd van die jaar vrugte oes (1)

2.4.2 Arbeiders wat koeie in die oggend en in die middag melk (1)

2.4.3 'n Messelaar wat gehuur is om 'n betonreservoir op die plaas te bou (1)


2.5 Bespreek VYF maniere om grondvrugbaarheid teen erosie en voedingstofverlies te beskerm. (5)

2.6 Onderskei tussen *kommersiële boerdery* en *bestaansboerdery* met betrekking tot die volgende aspekte:

2.6.1 Gebruik van tegnologie (2)

2.6.2 Volume van uitset (2)

2.7 Die sketse hieronder illustreer kampstelsels wat vir wisselweiding ontwerp is.




2.7.1 Gee 'n verduideliking waarom sommige kampe groter as ander is. (2)

2.7.2 Bespreek die voordele van die wawieluitleg (**A**). (3)

2.7.3 Verduidelik hoe die boer die probleem van weikampe van verskillende groottes kan oplos. (2)

2.7.4 Gee DRIE redes waarom dit nodig is om kampe in 'n wisselweidingstelsel 'n rustydperk te gee. (3)

2.8 Gronddata wat tydens monsterneming ingesamel is, beskryf die aard van die gronde deur na hulle eienskappe te verwys.

Bespreek die invloed van die volgende TWEE eienskappe op die grond se produksievermoë:

2.8.1 Grondkleur (4)

2.8.2 Grondtekstuur (6)

2.9 Bespreek die effek van grondbesoedeling wat voorkom as gevolg van die verkeerde toediening van plaagbeheermiddels, onder die volgende opskrifte:

2.9.1 Gronddegradering (2)

2.9.2 Waterbesoedeling (2)

2.10 Gee TWEE voorbeelde van waar dieretrekkrag op 'n plaas gebruik kan word. (2)
**[50]**

**VRAAG 3: ENTREPENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU**

Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 Noem VIER belangrike aspekte wat 'n boer in ag moet neem wanneer 'n markopname geanaliseer word voordat 'n nuwe besigheid begin word. (4)

3.2 Die lys hieronder toon die verskillende tipes besighede wat in die landbousektor voorkom.

- Agritoerisme
- Groenteproduksie
- Voermaatskappye
- Besproeiingstoerustingverskaffer
- Melkery
- Abattoirs

Lei uit die lys hierbo af watter TWEE besighede in ELK van die volgende gekategoriseer kan word:

3.2.1 Die primêre landbousektor (2)

3.2.2 Die sekondêre landbousektor (2)

3.2.3 Die tersiêre landbousektor (2)

3.3 Vergelyk die kenmerke van *vrye bemarking* en *koöperatiewe bemarking* van landbouprodukte. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommers (3.3.1 tot 3.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KENMERKE | VRYE BEMARKING | KOÖPERATIEWE BEMARKING |
|---|---|---|
| Bedingingsmag | 3.3.1 | 3.3.4 |
| Bemarkingskoste | 3.3.2 | 3.3.5 |
| Verbruikersbeskerming | 3.3.3 | 3.3.6 |

(6)

3.4 Gee TWEE redes waarom 'n boer finansiering nodig het wanneer die produkte verkoop word. (2)

3.5 Die pryse van goedere in enige mark hang van die interaksie van drie faktore af. Noem die DRIE faktore en bespreek hoe elkeen die prys sal bepaal. (6)

3.6 Gee 'n boer raad oor die beste tyd om produkte na die mark te neem sodat die beste moontlike wins uit die verkoop van die produkte gemaak kan word. (4)

3.7 **GEWASPRODUKSIEBEGROTING**

| **VERWAGTE UITGAWES** | | | |
|---|---|---|---|
| **ITEM** | **HOEVEELHEID** | **WAARDE** | **TOTAAL** |
| Saad | 2 kg | R40/kg | **(a)** |
| Bemesting | 850 kg | R280/50 kg | R4 760 |
| Vervoer van kunsmis | 17 sakke | R5/sak | **(b)** |
| Plaagbeheermiddels | 500 g | R187/500 g | R187 |
| Lone per week | 4 werkers | R400/werker | **(c)** |
| Verpakkingsmateriaal | 1 500 eenhede | R1/eenheid | R1 500 |
| Vervoer na markte | 6 ritte | R300/rit | R1 800 |
| **TOTALE VERWAGTE UITGAWES** | | | **(d)** |
| **VERWAGTE INKOMSTE** | | | |
| **ITEM** | **HOEVEELHEID** | **WAARDE** | **TOTAAL** |
| Gewasse geoes | 1 500 sakke | R15/sak | **(e)** |
| **TOTALE VERWAGTE INKOMSTE** | | | |

3.7.1 Definieer 'n *begroting*. (2)

3.7.2 Bereken die ontbrekende bedrae **(a)** tot **(e)**. (5)

3.7.3 Bereken die wins of verlies. Motiveer jou antwoord. Toon AL die berekeninge en die formule vir berekeninge. (4)

3.7.4 Noem TWEE basiese elemente van 'n begroting. (2)

3.8 Voltooi die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK. Gebruik die tabel om die volgende rekords as produksie-, fisiese of finansiële rekords te klassifiseer.

**LYS VAN REKORDS**

- Kontantvloei
- Werkswinkelgereedskapinventaris
- Voorraad saad vir volgende plantseisoen
- Gewasopbrengs per ton kunsmis gebruik
- Aantal en kondisie van jong diere gebore

| **PRODUKSIEREKORD** | **FISIESE REKORD** | **FINANSIËLE REKORD** |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

(5)

3.9

| BALANSSTAAT VIR DIE JAAR EINDIGEND 20 MAART 2020 | | |
|---|---|---|
| | **31 Maart 2019** | **20 Maart 2020** |
| **BATES:** | **R** | **R** |
| **Vaste bates** | | |
| Grond en geboue | 600 000 | 650 000 |
| **Medium termyn** | | |
| Voertuie | 100 000 | 100 000 |
| Masjinerie en gereedskap | 200 000 | 180 000 |
| **Bedryfsbates** | | |
| Kontant in bank | 15 000 | 20 000 |
| Lewende hawe voorhande | 200 000 | 210 000 |
| Rekeninge ontvangbaar | 50 000 | 30 000 |
| **Totale bates** | | |
| **LASTE:** | **R** | **R** |
| Langtermynlening | 400 000 | 350 000 |
| Rekeninge betaalbaar | 140 000 | 150 000 |
| **Totale laste** | 540 000 | 500 000 |
| | | |
| **Eienaarsbelang** | 625 000 | 690 000 |

3.9.1 Identifiseer 'n bate wat in waarde vermeerder het. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.9.2 Identifiseer 'n toename in laste. (1)

3.9.3 Gee 'n rede vir die laer waarde van die masjinerie en gereedskap in Maart 2020. (1)
**[50]**

## VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Beplanning is 'n bestuurstaak waar 'n plan van aksie geskep word.

4.1.1 Gee en bespreek DRIE redes vir beplanning. (6)

4.1.2 Herrangskik, in die korrekte volgorde, die volgende stappe in die beplanningsproses:

- Ontwikkel alternatiewe
- Analiseer inligting
- Formuleer doelstellings en doelwitte
- Implementering en evaluering
- Kies tussen alternatiewe
- Versamel inligting

(6)

4.2 'n Deel van arbeidsbestuur is om te verseker dat die korrekte regsdokumente beskikbaar is.

Gee VYF redes waarom 'n kontrak tussen 'n werkgewer en 'n werknemer so belangrik is. (5)

4.3 Verduidelik die stoor van landbouprodukte met betrekking tot die volgende:

4.3.1 Temperatuur (1)

4.3.2 Ventilasie (1)

4.4 Die boer kan landbouprodukte verwerk om bederf te stop.

4.4.1 Gee die hoofrede vir die verwerking van landbouprodukte. (2)

4.4.2 Bespreek kortliks DRIE nadele van verwerking. (3)

4.4.3 Noem DRIE ideale vereistes van geskikte verpakkingsmateriaal. (3)

4.4.4 Noem TWEE tipes verpakkingsmateriaal. (2)

4.5 Die Departement van Gesondheid beskou die roetine mediese ondersoek van werkers wat voedsel hanteer as onbetroubaar in die voorkoming van voedseloordraagbare siektes.

4.5.1 Noem EEN voedselhanteringstrategie wat voedseloordraagbare siektes kan voorkom. (1)

4.5.2 Noem TWEE beginsels van 'n gesonde voedselhanteringstrategie. (2)

4.6 Pas die lys van produkte gegee (4.6.1 tot 4.6.3) by die lys van waardetoevoegingsmetodes hieronder. Die waardetoevoegingsmetodes moet in die korrekte volgorde vir elke produk wees, bv. Vrugte – gradering, gedroog, verpak.

- Snitte
- Gedroog
- Gradering
- Geskeer
- Gemaal
- Botter
- Verpak
- Gebak

4.6.1 Vleis (4)

4.6.2 Wol (3)

4.6.3 Grane (4)

4.7 Agritoerisme ondervind 'n fase van groei en ontwikkeling.

4.7.1 Bespreek die redes vir die positiewe groei in die aanvraag na agritoerisme. (4)

4.7.2 Bespreek hoe agritoerisme positief tot die ekonomiese doelwitte van 'n land kan bydra. (3)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou